Pretoria- 11 Mei 2014

Skriflesing: Efesiërs 2:1-13; Romeine 8:7-8
Nederlandse Geloofsbelydenis**: Art 14**
Teks**: Efesiërs 2:1,3**
Sing- Ps. 18:14,16; Ps. 19:7; Ps. 32:1

Efesiërs 2:1-13

Eph 2:1 En julle het Hy lewend gemaak, wat dood was deur die misdade en die sondes
Eph 2:2 waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk,
Eph 2:3 onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander.
Eph 2:4 Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het,
Eph 2:5 ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus—uit genade is julle gered—
Eph 2:6 en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,
Eph 2:7 sodat Hy in die eeue wat kom, kan betoon die uitnemende rykdom van sy genade in goedertierenheid oor ons in Christus Jesus.
Eph 2:8 Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;
Eph 2:9 nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.
Eph 2:10 Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.
Eph 2:11 Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word,
Eph 2:12 dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld.
Eph 2:13 Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.

Romeine 8:7-8

Rom 8:7 omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.
Rom 8:8 En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie;

Artikel 14: Die skepping van die mens, die sondeval en die gevolge daarvan

Ons glo dat God die mens uit die stof van die aarde geskep het; Hy het hom volgens sy beeld en gelykenis gemaak en gevorm, dit wil sê goed, regverdig en heilig sodat hy met sy wil in alles met die wil van God kon ooreenstem. Maar toe hy in aansien was, het hy dit nie verstaan nie en sy uitnemendheid nie besef nie. Hy het homself egter, deur na die woord van die duiwel te luister, willens en wetens aan die sonde en daarmee aan die dood en die vervloeking onderwerp. Hy het immers die gebod van die lewe wat hy ontvang het, oortree en homself deur die sonde losgeskeur van God, wat sy ware lewe was; so het hy sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en geestelike dood verdien. Hy het deur dat hy in al sy doen en late goddeloos, verkeerd en verdorwe geword het, al sy voortreflike gawes wat hy van God ontvang het, verloor en hy het niks anders daarvan oorgehou nie as slegs klein oorblyfsels, wat egter genoegsaam is om hom alle verontskuldiging te ontneem. Al die lig wat in ons is, het immers in duisternis verander, soos die Skrif ons leer: *En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie'* (Joh. 1:5), waar die heilige Johannes die mense duisternis noem. Daarom verwerp ons alles wat in stryd hiermee oor die vrye wil van die mens geleer word, aangesien die mens niks anders as `n slaaf van die sonde is nie en: *`'n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie'* (Joh 3:27). Want wie is daar wat daarop sal roem dat hy uit homself iets goeds kan doen, terwyl Christus sê: *`Niemand kan na My kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie'* (Joh. 6:44)?

Wie sal op sy eie wil roem as hy verstaan dat *'...wat die vlees bedink, vyandskap teen God is'* (Rom. 8:7)?

Wie sal op sy eie kennis roem as die natuurlike mens die dinge van die Gees van God nie aanneem nie (1 Kor. 2:14)?

Kortom: Wie sal ook maar op 'n enkele gedagte roem as hy verstaan dat ons uit onsself nie bekwaam is om iets as uit onsself te bedink nie maar dat ons bekwaamheid uit God is (2 Kor. 3:5)? Daarom is dit reg dat wat die apostel sê, onwrikbaar bly, want dit is God wat in julle werk. Hy maak julle gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Filp. 2:13).

Want daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die verstand en die wil van God as Christus dit nie in die mens tot stand gebring het nie. Dit leer Hy ons as Hy sê: *'Sonder My kan julle niks doen nie'* (Joh. 15:5).

1 Pet. 2:9; Pred. 12:7; Ps. 8:5; 49:21; Jes. 59:2; Gen 3:17, 19; Pred. 7:30,. Rom. 5:12; Joh. 8:7; Ef. 4:24; Rom. 12:2; 3:10; 8:6; Hand. 14:17, Rom. 1:20-21; Hand. 17:27; Ef. 4:18; 5:8; Joh. 1:5; Ps. 37:9; Jes. 26:12; Ps. 94:11; Rom. 8:3; 1 Kon. 20:9; Ps. 28:8; Jes. 45:25; Joh. 3:27; 6:44 (1 Kor. 2:14); 2 Kor. 3:5; Filp. 2:13.

Skriflesing: Efesiërs 2:1-13; Romeine 8:7-8
Nederlandse Geloofsbelydenis**: Art 14**
Teks**: Efesiërs 2:1,3**
Sing- Ps. 18:14,16; Ps. 19:7; Ps. 32:1

Wanneer ons by art 14 van die Nederlandse Geloofsbelydenis aansluit, broeder en suster, dan word ons weer diep onder die indruk gebring dat God die mens goed geskape het. Dit loop dwarsdeur die verhaal dat elke keer wanneer God 'n deel van die skepping voltooi het, God Self gesien het dat dit goed is. Aan die einde van die skeppingsdae dan sien God dat dit alles baie goed is (Gen. 1:31). Wat baie sterk benadruk word, is hoe God die mens geskape het. Die mens is na die beeld en gelykenis van God gemaak en gevorm. Presies word dan uiteengesit dat God die mens **goed, regverdig en heilig** geskape het. Dit word net nog beter en duideliker gemaak **dat die wil van die mens in alles met die wil van God kon ooreenstem.** In die opsig sou ons van die goeie mens kon praat. Man en vrou is ewe goed geskape, albei die geslagte volmaak in harmonie met wat God se bedoeling met hulle was. Self het Adam toe God vir Eva geskape het en haar aan hom gewys het, was dit vir Adam die beste wat hy nog ooit gesien het. Tog besef hy terselfdertyd haar goedheid is in harmonie met hoe goed God hom gemaak het. Hy sê dan ook….*hierdie keer is dit een uit myself…soos ek.* God het in alle geval ook vir Adam gesê dat sy is iemand *vir hom…*

***

Waar ons spesifiek in hierdie artikel ook moet oorgaan na hoe goed God die mens geskape het dan sluit dit die wil van die mens in. Dit impliseer dat die mens met 'n volkome vrye wil geskape was. Op ander plekke in God se Woord lees ons van hierdie goedheid op nog mooi maniere. Psalm 8 lei ons hierby in deur te stel dat die mens is gemaak *weinig minder as 'n goddelike wese…* Die mens se verstand was volmaak, die mens sou God kon ken, ons harte, ons hele wese sou God kon liefhê, ja die wil van die mens was so geskape met 'n wil om die Here te wil dien. Wanneer die volkome geheelbeeld van die mens bymekaarkom dan is dit

duidelik God het die mens toegerus om as kroon van die skepping oor die skepping te kon heers. Die roeping wat God vir die mens gehad het om te vervul, die mens sou dit volkome kon doen. Ja, die Nederlandse Geloofsbelydenis praat van die gebod van die lewe waaraan die eerste mensepaar onderwerp was. Wonderlik...God wat die mens gebied om te lewe...

***

Die Nederlandse Geloofsbelydenis maak egter by hierdie artikel 'n interessante tussenwerpsel. **Toe die mens in aansien was, het hy dit nie verstaan nie en sy uitnemendheid nie besef nie.** Dit wil voorkom hoe goed God die mens gemaak het, die mens die uitnemendheid nie in alles ingesien en verstaan het nie. In alles wat die mens moes aansien moet ons nie die fout maak om volmaaktheid en volleerdheid met mekaar te verwar nie. Wie volmaak gemaak is, is nie noodwendig volleerd gemaak nie. Al was Adam en Eva sondeloos en volmaak geskape het dit nie beteken dat die mens alles kon verstaan en die mens nie in sy kennis sou moes groei nie. Daar het dus wel so iets soos salige onkunde in die volmaakte skepping van die mens kon bestaan.

***

Op die punt waar die mens nie sy uitnemendheid besef het nie, juis op daardie punt het Satan met sy lis en sy leuens toegeslaan. Waar die mens nie sy eie onkunde besef het nie daar kom Satan en hou homself baie kundig. Die Satan wil die mens laat glo dat die mens kan anders wees. Satan vat dit nog verder… hy stel dit aan Eva dat wanneer sy hierdie vrug eet *hulle soos God sal wees…* Ons kan hierdie tragiese gebeurtenis nooit in woorde beskryf wat die volle tragiek in alles sal kan saamvat nie. Eva het haar laat verlei. Dit is baie duidelik. Sy wat 'n vrye wil gehad het, het toegelaat dat daar 'n ander tipe gewaarwording en besef haar nader aan Satan gedwing het. Sy het besef dat die vrugte van die boom lyk goed en mooi, ja dat sy dit begeer want het sy die duiwel geglo dat dit haar "kennis kan gee".

Ons kan die Satan in sy strategie nooit oorskat nie. Dit wat hom juis so gevaarlik maak. Hy vestig eers die mens se aandag op die dinge wat jy nie het nie en wanneer hy jou aandag daarop kon vestig dan vergeet die mens wat jy reeds het. Ons het verlede week al verwys na hoe Jakobus hierdie proses ook beskryf- Jak 1:14-15- ***14*** *Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word.* ***15*** *Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.*

In wat hier gebeur is dit ’n geval van die diepste val en verlorenheid wat daar in hierdie wêreld kon kom, het toe plaasgevind. Daar het van die lig, van die goeie in die mens ingeskape niks oorgebly nie. Ons belydenis het wel so ’n kort verwysing dat daar klein spoortjies van die gawes van God oorgebly het. In filosofiese kringe word hierna verwys as die *logoi spermatikoi,* ander name hiervoor is *semen rationis,* Van Bruggen praat van die “*de kleine vestigia”*... Vestigia is maar die Latyn vir spore... maar hiermee kan niks gemaak word nie. Trouens dit dien ook om ons as mense alle verontskuldiging te ontneem. ’n Spoor is maar ’n herinnering aan iets wat lank gelede was. Wanneer daar ’n voetspoor in die dorre woestynsand of vêr in die koue ys gevind word, dan kan die spoor vir baie lank daar lê! Dit wys daar was wel ’n keer ’n voet wat hier getrap het, maar die spoor is nie meer deel van die voet nie... Daardie goeie mense wat ons in die begin van die preek van gepraat het, van daardie goedheid het daar niks oorgebly wat enigsins die mens verder kan help nie. Waar die mens ’n vrye wil gehad het, het die mens dit heeltemal verloor. **Die mens het hom van God losgeskeur, die God wat sy ware lewe was. Die mens het sy hele natuur verderf en daarmee die liggaamlike en die geestelike dood verdien.**

***

Met hierdie uitgangspunt het daar oor die eeue by mense natuurlik teëstand gekom. Ons het Efesiërs gelees wat sê dat die mens *dood is in die misdade en sondes* …verder word daar in Efesiërs ook gesê dat ons *van nature kinders van die toorn is…* Deur willens en wetens na Satan te luister het die mens homself aan die sonde, aan die dood en aan die vervloeking onderwerp. Ons het geen vrye wil om nou nog langer te mag sê dat ek kan nog die goeie kies en dit is my keuse nie. Om daardie keuse te maak bestaan nie meer nie. Met die wil wat in ons oorgebly het, is ons eenvoudig altyd geneig om die verkeerde te wil kies.

Nou het ons die geleerdes (sg. geleerdes) wat met ons belydenis hieroor gaan verskil. Ons weet dat in die tyd van Augustinus was daar al die man met die naam Pelagius (geb. 354nC- ’n Britse monnik as baie geleerd beskou) wat gesê het, die mens het nog ’n vrye wil, die mens kan nog ’n vrye keuse maak om of vir God te kies of teen God te kies. Dit bly die mens se keuse. So het Pelagius met sy eie leefwyse sy keuse wou bevestig. Kyk ek het vir God gekies, daarom het hy in Rome gaan werk, ook het sy asketiese leefwyse bewondering afgedwing. Hy het selfs in Noord-Afrika en Palestina gewerk. In die tyd van Luther was daar ook die man met die naam Desiderius Erasmus, wat wou glo dat ons nie kan sê dat die mens nie meer ’n vrye wil oorgehou het nie. Hy het hierin van Luther verskil. Ja, ook Johannes Calvyn wat op die punt ten volle by Luther gestaan het, het die idee oor die vrye

wil van die mens verwerp het, Calvyn is deur Pighius teëgestaan. 100 jaar later in die 17de eeu met die aanloop na die Dordtse Leerreëls was dieselfde verskil steeds op die tafel… Jacobus Armenius kom teen Gomarus te staan deur te wil glo dat die gevalle mens kan steeds vir die Here kies. Armenius wat eintlik maar in 'n mate die semi-Pelagiaanse standpunt onderstreep wat wil voorgee dat die mens se keuse moet net gestimuleer kan word. Hierby het die Remonstrante ook weer aangesluit. Al die groepe sal iets in die volgende voege wil sê...

Ons menslike wil is wel deur die sondeval verswak, of sal hulle selfs sê die menslike wil het siek geword maar ons kan dit wel goed maak. Dit moet maar net deur die genade van God so bietjie aangehelp word dan sal ons nog weer goeie keuses kan maak. Niemand uit hierdie kringe wil aanvaar dat sonder God is die wil van die mens dood, sonder God is ons keuse 'n natuurlike keuse vir die dood, vir satan, vir sonde, ja uit onsself sal ons altyd teen God kies. Die mens is 'n duisternis. Dit wil hulle nie hoor nie, nog minder dit aanvaar!

Met hierdie mense wat natuurlik eerder met hulle harte na die mens kyk as wat daar in waarheid na die mens gekyk word, het ons nog altyd mee te doen. Die humanistiese liberalistiese vertrekpunt sal altyd wees dat die mens nie skade moet ly nie, ook selfs in hulle geloofsvertrekpunt wil hulle baie keer die slegte tog so voorstel dat ons nie moet dink dit is regtig so sleg as wat dit lyk nie. Daardie vertrekpunt van elke donkerwolk het darem 'n goue randjie, is eintlik 'n baie aanloklike vertrekpunt. In die geloof is dit uiters gevaarlik om so te redeneer. Pelagius het gesê dat ons het wel ons vlees van Adam geërf het, maar sonde kan nie oorgeërf word nie. Adam is net vir ons 'n slegte voorbeeld en niks anders nie. Die mens word steeds met 'n vrye wil gebore en kan die goeie doen. Babatjies kom m.a.w. met 'n skoon bladsy in hierdie wêreld.

***

Ons belydenis wat ons ook op hierdie punt glo in volle ooreenstemming is met wat God se Woord vir ons sê, het natuurlik ook in reaksie op die Roomse Kerk hierdie standpunt moes handhaaf. Die Roomse geloof dwaal nou nog gruwelik hiermee en natuurlik is baie van ons eie mense met van hierdie punte meer Rooms as wat hulleself besef. Die konsilie van Trente het dit so gestel dat die wilsvryheid van die mens hoegenaamd nie uitgeblus is nie, alhoewel dit net verswak na vore kom. Op van die punte sê die Roomse Kerk dat as 'n mens sê dat jou wil, jou vryheid is in Adam verlore en uitgeblus is sulke mense met 'n versinsel van die

duiwel besig wat hulle verdoem. Ja, die Roomse het met hulle konsilies nog altyd weer hierdie standpunt herbevestig, vgl. ook die Vatikaanse konsilie van 1870.

Die wêreldoorloë wat ’n totale ontnugtering vir hierdie tipe mense was, hulle wat nie wou glo die mens kan so sleg wees soos wat die mens is nie, tog het die gruwels van twee wêreldoorloë hulle baie ontnugter. Steeds moet ons nie dink dat die idee nie maar weer sou opstaan en in ons tyd is dit baie sterk op die voorgrond dat die mens moet homself regruk, kry jou keuse reg, erken mekaar se regte dan sal ons met mekaar se swakhede en swak keuses meer geduld kan hê. Ek wil selfs dink dit is nog erger as wat in die tyd voor die wêreldoorloë was, dalk is ek verkeerd. Is dit nie maar hoe baie van die moderne mense vandag hulle vryheid wil uitleef nie, dat ek kan kies, dit is my reg en niks en niemand het iets daaroor te sê nie. Mense met liggame deur tatoeëermerke oortrek, mense met ringe van allerhande groottes en kalibers deur verskillende liggaamsdele gesteek, hulle is in baie opsigte die spieël van hierdie mens wat glo hy is reg en ek is vry. ’n Ontaarde mens wat in sy ontaarding erger word...

***

Aan die hand van art 14 Nederlandse Geloofsbelydenis moet ons oor die mens wat dink hy is goed en hy is uit homself tot die goeie in staat, maar net hierdie enkele volsin van die Nederlandse Geloofsbelydenis hierby voeg- **Die mens het in al sy doen en late goddeloos, verdorwe en verkeerd geword. Al sy voortreflike gawes wat hy van God ontvang het, verloor.** Mens sou kon vra maar het die mens dan geen vryheid meer nie. Dit hang natuurlik af wat ek onder vryheid verstaan. Met die verkiesingspropaganda en die begrippe waarmee die laaste paar weke in die aanloop tot die verkiesing baie mee te koop geloop was, is een van die mees misbruikte begrippe, juis die begrip VRYHEID. Ons jongmense wat na 1994 gebore word, daar word vir hulle gesê hulle is die wat ware vryheid ontvang het- “to be born free”, wat maar moeilik in Afrikaans oorgedra kan word. Dit is alles loutere onsin want wie kind van God is en wie in Christus sy lewe ontvang het, is die enigste wat vry kan wees. As hierdie sg. born free’s nie in Christus is nie, is hulle slawe, hulle is in elke opsig verslaaf aan die kwaad, aan die sonde, aan satan, hulle sal van die dood nie bevry word nie, hulle is bestem vir die hel, al wil hulle hul vryheid hoe hoog opgee, vry is hulle nie, want daar is geen vryheid buite Christus nie.

***

In die verband moet ons egter onthou dat die mens het wel vryheid, vryheid wat ons belydenis ook nie ontken nie. Die mens is nie ’n stok en blok in God se hande nie, dit sê ook

die Dordtse Leerreëls. God gee die mens 'n vryheid in sy wil wat weer tot die wese van ons as mense spreek. Ook in ons verhoudinge is daar vryheid ter sprake. Die vryheid om te dink, te praat, te assosieer, vir jou 'n lewensmaat te kies, 'n huis te mag kies, my werk, my loopbaan, my roeping, in alles bestaan daar 'n vorm van vryheid. Ons kan met ons vryheid handel, maar dit is so belangrik dat ek verantwoordelik hiermee sal handel, dat ek ook aan God verantwoording sal kan doen oor die vryheid wat Hy my geskenk het. Vryheid het perke, my huweliksmaat mag nie van dieselfde geslag wees nie, ek mag nie iemand die vryheid om te lewe ontneem nie, iemand anders moet vry met die besittings wat God hom/haar gegee het, kan handel, die vryheid in die ekonomie moet mekaar se rentmeesterskap bedien... andersins met die verantwoorde vryheid daarmee heen is die kommunis en sosialis jou deel.

***

Al praat ons dan van vryheid en hoe ons vryheid net in Christus kan wees besef ons dat in onsself bly dit maar 'n donker prentjie. Die lig wat daar in ons was, is deur die sondeval in duisternis verander. Ons as mense is 'n duisternis. Dit is so donker omdat daar geen mens is wat sal kan sê uit myself is ek nie 'n slaaf van die sonde nie. Die Nederlandse Geloofsbelydenis wys ons die troos dat in hierdie duisternis het God moes inkom. In Joh.1:5 word dit pragtig uitgelig- ***5*** *En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.* Dieselfde Johannes word deur ons belydenis aangetoon het daarop gewys dat ... '*n Mens kan niks aanneem as dit hom nie uit die hemel gegee is nie* (Joh. 3:27). Weer sê Christus drie hoofstukke vêrder in Johannes- Joh. 6:44- ***44*** *Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie...*

Watter voorreg om dan in Hom wat ons trek te mag afsluit. Hy wat ware mens was, in dieselfde sin volmaak beeld van God. In alles is Hy God. Hy wat in die plek van die eerste Adam moes kom. Die mens wat geen vrye wil meer gehad het nie, het Christus in alles vrywillig ons las op Hom geneem. Wanneer ons deur die Heilige Gees weergebore word maak Hy ons nuut. Ons ontvang weer die beeld van God wat ons in alles verloor het, dit alles ontvang ons in Christus. Hy maak ons wil weer vry om in Hom vry te wees. Dit gebeur soos ons in 2 Kor. 3:18 dit lees: ***18*** *En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.*

AMEN